## GESKIEDENIS VAN DIE VOORTREKKER UYS-FAMILIE

Die artikel van die twee broers Uys in *Historia* van Desember 1967 is baie interessant, en volgens Uys-oorlewerings, is heelwat van die besonderhede wat daarin beskryf word dan ook juis. Daar is egter ook 'n paar bewerings wat ek wil weerlê.

Om my stellinge wat ek hier gaan maak te bevestig, het ek eers weer 'n kleindogter van Jacobus Uys wat die Bybel van die Engelse Setlaars te Grahamstad ontvang het, geraadpleeg. Sy is naamlik tant Lettie Uys, dogter van Wessel Uys, die jongste broer van Pieter Uys wat op Italeni gesneuwel het. (Pieter se regte naam was natuurlik Petrus Lafras.) Tant Lettie Uys is 'n oud-onderwyseres, tans 93 jaar oud maar haar geheue is nog goed en sy lees selfs nog sonder 'n bril. Sy woon tans in Eshowe by haar aangenome getroude dogter, mev. Kolbe. Toe ek tant Lettie besoek het, was daar ook nog 'n kleinkind van Wessel Uys by haar, naamlik mev. Ria McConkie.

Jacobus Johannes Uys was met Susanna Margaretha Moolman getroud, en haar naam word nie Sussana Magrietha gespel soos deur die Uys-broers in *Historia* gedoen is nie. Sy broer Matthys Johannes was met Susanna se suster Judith Magdalena getroud. Matthys se afstammelinge het eers na die Voortrek getrek en hulle meesal in Heidelberg in Kaapland en in die distrikte Vrede en Harrismith in die Vrystaat gevestig.

Jacobus Johannes is op 26 Junie 1770 gebore, op 3 Februarie 1771 gedoop en op 10 Maart 1793 getroud. Hy is in 1838 in Pietermaritzburg oorlede. Daar is 6 seuns en 9 dogters uit dié huwelik gebore, en nie 4 seuns en 1 dogter soos deur die Uys-broers in die genoemde artikel beweer word nie. Hulle name was soos volg:

1. Johanna Jacoba. Gedoop 12 Februarie 1794. Sy sterf jonk.
2. Cornelis Janse. Gedoop 15 Mei 1796.
3. *Petrus Lafras,* die kommandant wat by Italeni gesneuwel het. Gedoop 23 Oktober 1797. Sneuwel op 11 April 1838.
4. Jacobus Johannes. Gedoop 21 September 1800.
5. Alida Maria. Gedoop 9 September 1802.
6. Johanna Susanna. Gedoop 23 September 1804.
7. Susanna Margaretha. Gedoop 15 Oktober 1806. Sterf jonk.
8. Susanna Maria. Gedoop 15 April 1808. Sterf jonk.
9. Dina Maria en
10. Catharina Elizabeth, tweelingsusters. Gedoop 24 Desember 1809.
11. Elizabeth Helena. Gedoop 1 Maart 1812.
12. *Dirk Cornelis* (Swart Dirk). Gedoop 6 Maart 1814. Hy is naamlik die man wat Wakerstroom met rieme wat uit 'n elandvel gesny is, uitgemeet het.
13. Maria Catharina. Gebore 30 Junie 1817.

14. *Johannes Zacharias* (Jannie Port Natal na wie ek later weer sal verwys). Gedoop 4 Julie 1819.
15. *Wessel Hendrik,* tant Lettie na wie hierbo verwys is, se vader. Gebore 19 Maart 1824. Gedoop 16 Januarie 1852.

Dis korrek dat die Uyskommissie wat Dingaan in 1834 gaan besoek het nie net uit mans bestaan het nie, maar dat daar ook 'n vrou by hulle was. Sy was egter nie Johannes Zacharias se vrou soos beweer word nie, maar wel 'n suster van die broers en haar naam was Dina Maria, een van die tweeling. Johannes Zacharias was toe maar eers in sy vyftiende jaar. Sy het saamgegaan om haar broers se klere te versorg.

Die bewering dat Dingaan vir Johannes Zacharias as borg agtergehou het na die ooreenkoms met kommandant Piet Uys, kan ek staaf. Vandaar dat hy die bynaam van Jannie Port Natal gekry het. Hy het vertel watter beslommernis en ongerief dit was om deur Zoeloes gevoer te word. By sy vertrek het Piet Uys aan Dingaan gesê: „Ek vra elke haar van sy hoof vir jou." Dingaan het gevolglik noukeurig gesorg dat niks met hom verkeerd sou gaan nie en hy wou hom nie eers toelaat om self te eet nie. Op die tweede dag nadat die Uyskommissie vertrek het, het Dingaan egter besluit om vir Jannie agterna te stuur. 'n Hele impi is saamgestuur om hom op te pas terwyl twee Zoeloes weerskante van sy perd geloop het en hom aan sy bene vasgehou het. Dit bevestig die feit dat die Uyskommissie self tot by Dingaan was en hulle het nie boodskappers gestuur soos die Uys-broers in hulle artikel beweer nie.

Wyle prof. C. J. Uys van Bloemfontein wat die Uys-geskiedenis nagevors het (hy was naamlik hoof van die Fakulteit van Geskiedenis aan die Universiteit O.V.S.) het in 'n brief in *The Star* van 12 Oktober 1962, bladsy 13, daarop gewys dat wanopvattings oor Dirkie Uys se dood bestaan. Daar is naamlik beweer dat die Zoeloes van sy bene sop sou gekook het, 'n gebruik wat heeltemal onbekend by die Zoeloes was. Omdat Dirkie se bene nie gevind kon word nie, het sulke stories ontstaan. Prof. Uys het bandopnames gemaak van mev. Johanna Friend en mev. Bettie Vermaak, dogters van Wessel Uys en susters van tant Lettie Uys. Hulle het bevestig dat Dirkie in die skermutseling met die Zoeloes gesneuwel het, maar ongeveer 'n myl van sy vader af. Tant Lettie Uys vertel dit ook so. Sy verklaar verder dat haar vader, Wessel Uys, saamgegaan het toe die kommando die beendere van die gesneuweldes by Italeni gaan opsoek het en hy was persoonlik by toe Dirkie se oorblyfsels gevind is. Die bewering van die Uys-broers dat Dirkie lewendig gevang is en na Dingaan se kraal ontvoer is, hou dus nie steek nie. Ek verwys verder in hierdie verband ook na dr. S. P. du Toit se artikel oor die Slag van Italeni in die *Gedenkuitgawe van Die Huisgenoot* van Desember 1938, bladsy 119.

Pieter Uys se beendere is wel aan die knopies van sy onderbaadjie erken. Dit was handgeslane silwerknopies, met 'n ontwerp van vier skerp blaartjies daarop. Aan elke broer van Piet Uys is een van dié knopies gegee. Drie daarvan is tans in the Vootrekkermuseum te Pietermaritzburg — so pas weer deur die Kuratrise, mev. Swanepoel bevestig. Wyle

mej. Neethling van Utrecht, Natal, het die knopies aan die museum besorg. Sy was naamlik 'n skoonsuster van 'n seun van Piet Uys. 'n Vierde knopie is in my besit. Wessel Uys, die jongste broer van Piet Uys, het hierdie knopie aan sy seun Jacobus Uys (wyle Senator Kootjie Uys van Utrecht) en broer van tant Lettie Uys oorhandig, hy het dit weer aan sy dogter Susanna bemaak en sy het dit weer aan my, haar dogter, bemaak.

Omdat daar op hierdie stadium blykbaar nog verskillende meninge oor sekere episodes uit die geskiedenis van die Voortrekker Uys-familie bestaan, is dit seker uiters wenslik dat geskiedenisnavorsers alles in hulle vermoë sal doen om die juiste feite sover as moontlik op te diep. Getuienisse van persone soos tant Lettie Uys van Eshowe sal binne afsienbare tyd nie meer in hulle eie woorde verkry kan word nie.

Mev. J. W. (Hannetjie) Prinsloo.